Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Thursday, April 22, 2021
Page: 10

GESKIEDKUNDIGE DE MEULE

Ministerswoning in puin gelê

Ané van Zyl

Die vooraansig van De Meule, die nasionale monument wat oor die afgelope 70 jaar ministers gehuisves het.

Die lang eetkamertafel in De Meule waar ministers hooggeplaastes, ook van die buiteland, kon onthaal.

Die laaste foto wat John Hammer, voorsitter van die Friends of Mostert's Mill, Saterdagmiddag van die meul geneem het.

Daar is byna niks oor van die geskiedkundige meul nie. Hier lê die meulstene in die puin.

'n Ministerswoning in Mowbray, Kaapstad, is een van die geskiedkundige geboue wat in Sondag se verwoestende brand in puin gelê is.

De Meule, wat naby die geskiedkundige Mostert se Meul geleë is, was ook 'n nasionale monument.

Dit was tot Sondag Thulas Nxesi, minister van indiensneming en arbeid, se tuiste wanneer hy in die Kaap was, het sy woordvoerder aan *Die Burger* bevestig.

John Hammer, voorsitter van die Friends of Mostert's Mill, wat al dekades lank na die meul omsien en goed vertroud is met die gebou se geskiedenis, vertel 'n gedeelte van die huis dateer van 1680.

De Meule is in 1950 vir die eerste keer as ministerswoning ingespan toe die Nasionale Partyminister Paul Sauer daar ingetrek het. Onder andere Marthinus van Schalkwyk, voormalige minister van toerisme, het ook daar gewoon.

Die plaas waarop die huis en die meul gebou is, is in 1680 toegeken aan 'n mnr. Botma (geen eerste naam is bekend nie). Die meul is in 1796 gebou op die plaas Welgelegen, wat toe aan Gysbert van Reenen behoort het, vertel Hammer.

Hy sê die meul is enig in sy soort omdat dit die enigste Kaaps-Hollandse meul in die wêreld is en tot Saterdag die enigste werkende windmeul op die vasteland was.

Dit het Saterdag, 'n dag voor die brand, "vir die eerste keer in 'n lang tyd weer 100% gewerk" nadat vakmanne uiteindelik daarin kon slaag om die rem reg te laat werk, vertel Hammer.

"Ek was so in my noppies toe ek Saterdag huis toe gaan, min wetend dat dit die volgende dag alles tot as sou verbrand."

Die ysterwerk van die meul dateer van 1796 en is al wat daarvan oorgebly het ná die brand. Hammer het die ysterwerk tussen die as uitgesif en dit in veilige bewaring geplaas.

Die meul, wat 'n mens in die verbyry neffens Philip Kgosanarylaan sien, is gebou om koringkorrels tot meel te maal.

Hammer sê dit moes eintlik Van Reenen se Meul geheet het, maar is ná sy dood genoem na sy skoonseun Sybrand Mostert omdat hy nie self 'n seun gehad het nie.

"Dit was vir die Hollanders baie vreemd om 'n meul na 'n persoon te noem," sê Hammer.

De Meule nadat dit Sondag deur die brand verwoes is.
Foto: JACO MARAIS

Die plaas Welgelegen is in die 1890's deur Cecil John Rhodes gekoop en in daardie stadium was die meul in onbruik. Die meul is altyd net vir private gebruik aangewend en daar was nooit 'n meulenaar in diens nie.

Toe Rhodes die plaas koop, het 'n paar bejaarde vroue in die huis De Meule gewoon en Rhodes het hulle toegelaat om tot hul dood daar te bly.

Die meul is in 1935 deur die Hollandse vakkundiges Dunning-Bremer herstel en daar was 'n groot heropeningseremonie wat deur genl. J.B.M. Hertzog, destyds die premier van Suid-Afrika, bygewoon is.

"Omdat die meul nie gebruik is nie, het dit later weer skade gely. Dit is in 1994 weer 'n keer deur Dunning-Bremer tot 'n werkende toestand herstel," sê Hammer.

Rhodes het die grond aan die staat toevertrou om die meul in stand te hou, maar volgens Hammer het daar nie veel van gekom nie. Sedert 1994 doen die Friends of Mostert's Mill die meeste van die instandhoudingswerk vrywillig, met die hulp van skenkings.

De Meule 'is volksbesit'

Renier Schoeman, huidige kommissaris van die kommissie vir die bevordering en beskerming van kultuur-, godsdiens- en taalregte, en sy vrou, Vida, het in 2003 en 2004 in De Meule tuisgegaan.

Schoeman was toe adjunkminister van gesondheid.

"Dit is so 'n jammerte," sê hy as hy terugdink.

"Dit was 'n pragtige geskiedkundige gebou en toe ons daar gewoon het, het ons baie graag daar onthaal. Ek het gereeld buitelandse gaste daar ontvang by die groot tafel met 14 sitplekke."

Schoeman sê die eetkamer was besonders en hy en Vida beskou die huis as volksbesit.

Hammer sê die departement van openbare werke en infrastruktuur het sowat twee jaar gelede groot opknappings aan De Meule gedoen wat glo meer as R10 miljoen beloop het.

Mostert se Meul 'sal herbou word'

Hammer sê hy was Sondag ten gronde toe die meul en die huis afbrand.

Hy is vasberade om die meul te herbou. "Ons gaan 'n webtuiste oprig waar gewone mense geld sal kan skenk vir die herstel van die meul. Ons wil dit graag herbou net soos dit was, selfs beter!" Hy sê hy en sy komitee wil dit geskiedkundig akkuraat herstel en die ou meul so te sê dupliseer.

Die herstel van die ministerswoning De Meule is in die departement van openbare werke se hande. Hy het Maandag reeds assessors op die perseel ontmoet wat begin planne maak om die oorblywende mure teen die winterreën te beskerm.

Patricia de Lille, minister van openbare werke, het Maandagaand in 'n verklaring bevestig dat De Meule Sondagmiddag "heeltemal verwoes is deur die brand". "Gelukkig het niemand seergekry nie en niemand was op die eiendom ten tyde van die brand nie."

Hammer, wat in die omgewing woon, sê hy het hom aangesluit by die Friends of Mostert's Mill nadat hy elke dag daar verbygestap het op pad huis toe van die Universiteit van Kaapstad, waar hy van 1981 tot 1984 studeer het.

"Die eerste vergadering van die Friends of Mostert's Mill is in 1994 in die Mowbray-stadsaal gehou en ek is verkies tot die komitee. Ek dien sedertdien daarin en is die afgelope drie jaar die voorsitter.

"Ek het in 2019 afgetree as 'n haweloods in Kaapstad nadat ek 30 jaar in die hawe gewerk het."

Die windmeul staan swart verbrand ná Sondag se verwoestende brand.
Foto: JACO MARAIS

Die ingang na De Meule soos dit sowat 17 jaar gelede gelyk het.

Rook styg nog uit die as nadat De Meule afgebrand het.
Foto: JACO MARAIS

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.